# DIE ORDE VAN MELGISÉDEK

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.

Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING**: **HEBREËRS 7**

**Heb 6:20 waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek 'n hoëpriester geword het vir ewig.**

**Heb 7:1 Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het;**
**Heb 7:2 aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het—hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede;**
**Heb 7:3 sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur.**
**Heb 7:4 Let nou op hoe groot hierdie man was, aan wie selfs Abraham, die aartsvader, 'n tiende van die buit gegee het.**
**Heb 7:5 Nou het hulle wat uit die seuns van Levi die priesterskap ontvang, wel 'n gebod om, volgens die wet, van die volk tiendes te neem, dit is van hulle broers, ofskoon hulle uit die lendene van Abraham voortgekom het;**
**Heb 7:6 maar hy wat nie uit húlle sy geslagsregister aflei nie, het van Abraham tiendes geneem en die besitter van die beloftes geseën.**
**Heb 7:7 Nou word sonder enige teëspraak die mindere deur die meerdere geseën.**
**Heb 7:8 En hier neem wel sterflike mense tiendes, maar dáár een van wie getuig word dat hy lewe.**
**Heb 7:9 En, om so te sê, het ook Levi wat tiendes ontvang, deur Abraham tiendes gegee;**
**Heb 7:10 want hy was nog in die lendene van sy vader toe Melgisédek hom tegemoetgegaan het.**
**Heb 7:11 As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was—want met die oog daarop het die volk die wet ontvang—waarom was dit nog nodig dat 'n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie?**
**Heb 7:12 Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet;**
**Heb 7:13 omdat Hy met die oog op wie hierdie dinge gesê word, aan 'n ander stam behoort het waaruit niemand die altaar bedien het nie.**
**Heb 7:14 Want dit is volkome duidelik dat onse Here uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie.**
**Heb 7:15 En nog baie duideliker is dit as daar 'n ander priester opstaan na die ewebeeld van Melgisédek,**
**Heb 7:16 een wat dit geword het nie kragtens die wet van 'n vleeslike gebod nie, maar uit die krag van die onvernietigbare lewe.**
**Heb 7:17 Want Hy getuig: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.**
**Heb 7:18 Want aan die een kant is daar die opheffing van die voorafgaande gebod weens die swakheid en nutteloosheid daarvan,**

-o0o-

**Heb 7:19 omdat die wet niks volkome gemaak het nie; maar aan die ander kant is daar die invoering van 'n beter hoop waardeur ons tot God nader.**
**Heb 7:20 En vir sover dit nie sonder eedswering was nie—want húlle het sonder eedswering priesters geword,**
**Heb 7:21 maar Hy met eedswering deur die Een wat aan Hom gesê het: Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek—**
**Heb 7:22 in sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword.**
**Heb 7:23 En hulle het wel priesters geword in 'n groot aantal, omdat hulle deur die dood verhinder is om aan te bly;**
**Heb 7:24 maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie.**
**Heb 7:25 Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.**
**Heb 7:26 Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het;**
**Heb 7:27 wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het.**
**Heb 7:28 Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig volmaak is.**

-o0o-

Ons kyk weer na die laaste vers van Hebreërs 6.

**Heb 6:20** waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek 'n hoëpriester geword het vir ewig.

Ons moet die verskil tussen die **Melgisédek verbond** en die **Aäron verbond** baie mooi verstaan.

- Die Melgisédek verbond was 'n vrywillige verbond uit liefde.
- Die Aäron verbond was 'n wettiese verbond, 'n verbond met verpligtinge, rituele en tradisies. Dit was amper soos 'n strop om die nek. Die mense het nie geluister nie, daarom moes hulle amper onder dwang die verpligtinge nakom. Dit was 'n juk wat op hulle gelê is.

Jesus Christus was die Hoëpriester volgens die Orde van Melgisédek vir ewig, omdat die verbond van Melgisédek 'n vrywillige liefdes verbond was.

**Heb 7:1** Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het;
Salem is vandag Jerusalem. Die hoëpriester het vir Abraham, die vader van die nasies, tegemoetgegaan en hom geseën.

**Heb 7:2** aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het—hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede;
Hierdie Melgisédek was bekend gewees vir sy geregtigheid. Hy was koning van Salem, die koning van vrede. Met vrede is daar rustigheid en kalmte daarom was hy die koning.

**Heb 7:3** sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur.

-o0o-

Daar is nie veel kennis oor hierdie man nie, want dit handel nie oor hom nie, maar wel oor die rol wat hy moes vertolk. Dit is ook ‘n heenwysing na die liggaam van Christus. Dit gaan nie oor my en jou nie; ook nie oor wie ek is nie. Dit gaan alles oor die plek wat God wil hê ek moet vervul in Sy Koninkryk.

**Heb 7:4** Let nou op hoe groot hierdie man was, aan wie selfs Abraham, die aartsvader, ‘n tiende van die buit gegee het.

Die persoon wat nog sukkel met tiendes, is nog baie onvolwasse. ‘n Volwassene wil graag versorg en gee. Dit is nie ‘n keuse nie, dit is ‘n verpligting. Om te seën is iets wat op jou gelê word. Hierdie priester het selfs vir Abraham geseën.

- Abraham, die aartsvader;
- die een wat oor die besnydenis gestaan het;
- die een in wie die volk Israel gebore is;
- die een met wie God ‘n verbond aan gegaan het.

Abraham het aan hierdie priester ‘n tiende van die buit gegee.

**Heb 7:5** Nou het hulle wat uit die seuns van Levi die priesterskap ontvang, wel ‘n gebod om, volgens die wet, van die volk tiendes te neem, dit is van hulle broers, ofskoon hulle uit die lendene van Abraham voortgekom het;

**Heb 7:6** maar hy wat nie uit húlle sy geslagsregister aflei nie, het van Abraham tiendes geneem en die besitter van die beloftes geseën.

Ons moet gee omdat ons geseënd moet wees. Ons het God se hand geblok en daarom moet God ‘n rede soek om ons te kan seën. Ons moet ons verpligtinge nakom, sodat ons geseën kan word, soos Melgisédek vir Abraham kon seën.

**Heb 7:7** Nou word sonder enige teëspraak die mindere deur die meerdere geseën.

**Heb 7:8** En hier neem wel sterflike mense tiendes, maar dáár een van wie getuig word dat hy lewe.

Ons het reeds gesien dat die doop, bekering en tiendes die grond beginsels is. As ons sukkel hiermee, het ons nog nie ‘n ordentlike fondasie gelê in ons lewe nie.

**Heb 7:9** En, om so te sê, het ook Levi wat tiendes ontvang, deur Abraham tiendes gegee;

**Heb 7:10** want hy was nog in die lendene van sy vader toe Melgisédek hom tegemoetgegaan het.

**Heb 7:11** As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was—want met die oog daarop het die volk die wet ontvang—waarom was dit nog nodig dat ‘n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie?

Dit gaan oor die onvolkomenheid van die verhouding tussen Israel en God self, Jehova, die God van die verbond. God moes die wet inbring, om amper met ‘n strop om die nek te sê dat as hulle Hom nie wil dien soos Hy sê nie, hulle die prys sal moet betaal. Dit was nodig dat *'n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek* omdat Christus nie net vir die Jood gekom het nie.

- Christus het ook vir die heiden gekom.
- Hy het vir die hele wêreld gekom.
- Hy is die Een wat gebore is.
- Hy dra die kleed met baie klere.
- In Hom is alle nasies verenig

Dit is waarom dit die orde van Melgisédek was en nie die orde van Aäron nie. Dit was nie ‘n gedwonge verhouding nie. Dit was ‘n liefdesverhouding met geregtigheid en vrede.

**Heb 7:12** Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet;

**Heb 7:13** omdat Hy met die oog op wie hierdie dinge gesê word, aan ‘n ander stam behoort het waaruit niemand die altaar bedien het nie.

-o0o-

Die ***Hy*** waarvan hier gepraat word is Christus

**Heb 7:14** Want dit is volkome duidelik dat onse Here uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie.
Christus sou uit die Leviete voortgekom het, indien die Levitiese priesterskap, die Äăron verbond, die volmaakte priesterskap was, maar die wet was onvolmaak. Die ou verbond, die Äăron verbond, het nie gewerk nie. Dit was nie meer 'n liefdes-evangelie nie. Die volk was halsstarrig en hardnekkig. God sou as gevolg van Sy liefde vir hulle, hulle amper met 'n strop om die nek moes gedwing het om Sy wette, metodes en maniere te gehoorsaam. Hulle het dit bly verwerp. Dit het 'n gedwongenheid geword en daarom het God nie die Leviete gekies nie.

- Christus het uit Juda voortgekom.
- Juda is heeltemal 'n ander stam wat nie verbind was met die Leviete nie.

**Heb 7:15** En nog baie duideliker is dit as daar 'n ander priester opstaan na die ewebeeld van Melgisédek,
**Heb 7:16** een wat dit geword het nie kragtens die wet van 'n vleeslike gebod nie, maar uit die krag van die onvernietigbare lewe.
Die kosbare lewe, die onvernietigbare mooi dinge van die lewe waarvoor Christus gekom het.

**Heb 7:17** Want Hy getuig: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.
**Heb 7:18** Want aan die een kant is daar die opheffing van die voorafgaande gebod weens die swakheid en nutteloosheid daarvan,
**Heb 7:19** omdat die wet niks volkome gemaak het nie; maar aan die ander kant is daar die invoering van 'n beter hoop waardeur ons tot God nader.
Hier sê hy dat die wet niks kon volbring nie, want dit was 'n gedwonge wet.

**Heb 7:20** En vir sover dit nie sonder eedswering was nie—want húlle het sonder eedswering priesters geword,
**Heb 7:21** maar Hy met eedswering deur die Een wat aan Hom gesê het: Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek—

- ***Hy*** is Christus

**Heb 7:22** in sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword.
'n Borg is iets wat jou loskoop van straf of gevangenskap. Dit is iets wat weer vir jou vryheid gee. Dit is 'n prys wat jy nie het nie, wat vir jou betaal word deur iets of iemand, sodat jy vry kan kom. Jy is wel skuldig, maar hy staan pa vir jou. Die verpligtinge en rituele van die wet was alles net 'n tydelike oplossing en daarom moes dit jaarliks oor en oor gedoen word. Dit kon nooit eenmalig en volkome wees nie.

- Christus was die volkome offer, daarom kon hy nie die wettiese offer wees nie.
- Hy was die offer van die hoëpriester van Melgisédek.
- Hy was die volmaakte hoëpriester uit die orde van Melgisédek.

Christus het daardie hoë posisie beklee, omdat Hy uit liefde, geregtigheid en vrede vir die mensdom kom sterf en die prys betaal het. Dit was 'n posisie vêr bo die verpligtinge en rituele van die wet en die Äăron verbond.

**Heb 7:23** En hulle het wel priesters geword in 'n groot aantal, omdat hulle deur die dood verhinder is om aan te bly;
Daar was nog steeds sonde. Hulle kon nie die wet vervul nie. As een priester gesterf het, was daar net 'n volgende in sy plek aangestel. Dit was maar net 'n tydelike regmaak proses, sodat die uiteindelike hoëpriester, die hoëpriester van Melgisédek, uit Juda gebore kon word en nie uit die stam van Levi nie.

**Heb 7:24** maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie.

-o0o-

**Heb 7:25** Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.

- God die Vader het gekies dat Christus die vervulling van die orde van Melgisédek sal wees.
- Hy was die uiteindelike vrug van die orde van Melgisédek.
- Hy is uit die stam van Juda, uit die liefdesverbond met Juda gebore.
- Hy is nie uit die wet van die Leviete en van die volk gebore nie.

Die hoëpriesters in die ou Testamentiese tyd moes jaar na jaar offers bring omdat die offers elke keer net tydelik was. Dit was maar net 'n verlenging. Die sonde, die dood, het steeds 'n houvas op hulle gehad. *Die sonde het nie 'n houvas op Christus gehad nie want Hy was nie die hoëpriester van Aaron nie.*

- Hy was die hoëpriester in die verbond met Melgisédek.
- Hy was die vervulling van die Melgisédek verbond.
- Hy was die vervulling van al die agt verbonde.
- Al die verbonde in die ou Testament is 'n heenwysing na Hom.

Hy kon nie sondig nie. Hy het nooit gesterf nie. Hy lewe vir ewig. Hy het net Sy lewe afgelê vir sy skape. Daar is 'n groot verskil, ons moet dit baie mooi verstaan. Dit is net sonde wat doodmaak.

- Hy moes sy lewe aflê om af te daal na die drie verskillende onderwêrelde waarin Hy was.
- Hy moes die heerskappy, wat die dood oor die mens gehad het, gaan terughaal.
- Hy het nog altyd gelewe.

Hy het Sy lewe in die hande van die Vader neergelê, sodat Hy in die doderyk kon gaan en terug kon vat wat die mens verloor het toe Adam en Eva gesondig het. Omdat Hy vir ewig lewe, is dit nooit meer nodig vir enige hoëpriester om offers te bring nie.

Dit is daardie voorhangsel wat geskeur het, die moederskoot wat geopen het. Hierdie Christus, hierdie volkome volmaaktheid, hierdie vrug van die verbond, het nou 'n realiteit geword.

- Aan hom is daar geen sonde gevoeg nie;
- geen sonde kon aan hom klou nie;
- geen sonde kon met Hom geassosieer word nie.

Die dood, wat die vrug van die sonde is, kon geen houvas aan Hom hê nie.

- Hy het deur die moederskoot gegaan en daarom kan ons Hom volg deur die moederskoot, deur die voorhangsel, in die verhouding met die Vader.
- As ons ons lewe hier neerlê, is dit dan net 'n oorstap vanuit hierdie koninkryk na die ewigheid, waar Christus Jesus nou bestaan.
- Sodra ons sterf, is ons in die nuwe verbond met Hom en ons word dan deel van die vrug van die nuwe verbond.

**Heb 7:26** Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het;
Dit is die eienskappe van Hom. Dit is presies die eienskappe van die orde van Melgisédek.

**Heb 7:27** wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het.
Dit was nooit nodig vir Christus om 'n offer vir Homself te bring soos onder die wet nie, omdat Hy nie die hoëpriester van die wet was nie. As Hy die hoëpriester van die wet was, sou Hy onder daardie verpligtinge van die wet moes ingekom het en dan sou Hy die verpligtinge van die Aäron verbond moes nagekom het.

- Hy sou dan eers 'n offer vir homself moes bring, voordat Hy Homself kon geoffer het.
- In die geestelike realm, sou Hy daarmee dan 'n proklamasie gemaak het dat Hy vol sonde is.

-o0o-

- Satan sou die proklamasie kon gebruik het en 'n houvas op Hom gehad het, want Hy sou dan daardeur eintlik verklaar het dat Hy onder die wet, die Aaron verbond, geval het.

Dit is waarom Melgisedek geen geskiedenis gehad het nie, *sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister sonder begin van dae of lewenseinde* (Heb 7: 3). Niemand het iets van hom geweet nie. Satan kon daarom ook nie 'n aanklag teen hom kry nie.

- Christus is die vrug van die Melgisedek verbond.
- Hy is bo die dood en bo al daardie verpligtinge van die wet.
- Hy kon daarom net ingestap het en Homself gaan offer het in die allerheiligste.

Sou Hy onder die wet geval het en Hy eers die rituele van die wet moes nakom, sou dit 'n self erkentenis van sonde gewees het. Hy sou Homself eers moes vlekkeloos maak (verontsondig het) met 'n offer vir Homself, voordat Hy as 'n rein hoëpriester, Homself kon geoffer het.

As jy sê jy val onder 'n verbond moet jy al daardie wette nakom. Dit is waarom Christus nie die hoëpriester van Aäron is nie, maar die hoëpriester van Melgisedek.

**Heb 7:28** Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig volmaak is.

Die hoëpriesterskap van Melgisédek is *vir ewig volmaak* en daarom kon Christus net ingestap het en Homself geoffer het. Dit was nie nodig vir al daardie rituele wat die wet vereis het nie, want Hy was verhewe bo die wet. Hy was die vervulling van die wet en die profete.

Mag die Here u ryklik seën

-o0o-